

De Bloem vir Christus



Teks van die maand:

“Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde” – 1 Kor 2:2

AFKONDIGINGS: 8 Maart 2020

Sondag 8 Maart	09:00	Erediens – Gen 12 ‘n Reis van hoop Kategorie na die erediens Drink tee onder die Oliehoutboom
	17:30	Biduur in die Gebedskamer
	18:00	Erediens – I Pet 1 ‘n Lewende Hoop Tee na die erediens
Woensdag 11 Maart	17:15	Belydenisklas – Kerkzaal
	19:00	Bybelstudie – Navalweg 29
Donderdag 12 Maart	15:00	Kerk skoonmaak
Saterdag 14 Maart	10:00	Dames piknik in die kerktuin

VOORBIDDING:

Kom ons bid in hierdie tyd vir: **ONS GEMEENTE EN DIE NOOD WAT BELEEF WORD ONDER MEDE LIDMATE**

Siektes: Tannie Martie van Wyk van Normandielaan, Tannie Petra du Toit van Universitas, Charles en Susan Koster van Lombaardstr, Tannie Beth Coetzer van Rosmor, Sarie Swanepoel van Piet Retiefstr, Tannie Coreley le Roux en Mev Anneke Snyman van Breëstr., Oom Louis Pretorius van Andries Pretoriusstr. Marietjie van der Berg, Mnr Nico Koegelenberg en Tannie Hanneljie van den Heever van Mount Cedar. Chris Hendrikse van Willows, Marthie van Zyl van Noorderbloem en Shirley Frazenburg van Muirfield, Junia Smit van Gruisstraat

Gemeentewerk: Koskas, Gemeente projekte, Spysenierings.

ALGEMEEN:

- 1 Ons **Paassangdiens** se datum het verskuif na **5 April 2020 om 18:00**. Merk asseblief die datum en bring soveel gaste as wat u wil. Dit gaan weer 'n groot geleentheid op ons kalender wees!
- 2 Maak asseblief seker dat u u **naam, selnommer en verjaardagsdatum** vir ons laat kry, dan maak ons seker dat u gereeld **SMS'e** kry rakende die gemeente se werksaamhede. Daar sal ook voortaan verjaarsdagwense uitgestuur word, maak seker dat jy joune ontvang en laat weet asseblief indien daar 'n fout is.
- 3 Alle **volwasse persone** wat belydenis van geloof wil aflê moet ds jannie kontak sodat ons die nodige reëlins kan tref vir die byeenkomste.
- 4 Moenie vergeet van die **INSTANDHOUDINGSFONDS** nie. U diaken kom steeds maandeliks die kleingeld by u afhaal en betaal dit dan by die kerkkantoor in.
- 5 Dit is nodig dat ons soos met alles, voorsiening maak vir wanneer ons nie meer daar is nie. Het jy al in jou **testament** voorsiening gemaak vir die gemeente se werksaamhede as jy nie meer daar is om te help nie?
- 6 **Baie dankie aan elkeen wat gereeld hul dankoffer gee. Daar is nie 'n ander manier waarop die gemeente al sy verpligtinge kan nakom nie! Daar is toenemend meer lidmate wat verkies om hul dankoffer direk in die gemeente se rekening in te betaal, dit is natuurlik ook vir ons baie veiliger!**

Die gemeente se bankbesonderhede is:

Ned Geref Gemeente De Bloem, NEDBANK, Takkode: 198765, Rekeningnr: 1185454268.

X

- U Naam:.....DATUM:..... Tel nommer:
- Adres:.....
 - Ek is 'n nuwe intrekker
 - Gaan hospitaal toe Hospitaal:.....Wanneer:.....
 - Wil graag huisbesoek ontvang
 - Het 'n gebedsversoek (spesifiseer)
 - 'n **Spesiale versoek:**
 - Ek wil graag betrokke raak by:(Merk u keuses) Bybelstudies , Gebedsaksies , Alimentasie , Projekte , Teeskink by Onkologie , Teeskink by erediens , Teeskink by begraving , Straattafels , Spyseniering . Ander (Noem asseblief).....

Onthou om die gemeente se webwerf te besoek by: www.debloem.org.za of  NG Gemeente De Bloem